

Inhoud Hierdie preek wys wat is die verskil tussen selfverloëning en om Christus te verloën. Selfverloëning is om te glo in jou eenheid met Christus en só te glo dat God jou nie aankla, beskuldig, veroordeel, vervloek, straf of verwerp vir jou sonde nie. Om Christus te verloën is om te glo dat Hy vir jou 'n voorbeeld is oor hoe jy jouself voor God moet aankla, beskuldig, veroordeel, vervloek en verwerp om jouself vir God geestelike te maak.

Skriflesing Matteus 16: 21 – 24; Fil. 3: 4 b – 11.

Teks Mat. 16: 24: As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën. “Fil. 3: 9 “en in Hom bevind kan word – nie met my eie geregtigheid op grond van die wet nie, maar met die geregtigheid deur geloof in Christus.”

Tema Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

1. Petrus verloën die Here. Die Here eis selfverloëning. Dit is wat tussen die Here en Petrus in hierdie gesprek gebeur. Die Here eis selfverloëning as die wyse waarop ons Hom moet volg, terwyl Petrus Jesus as die Christus verloën. Wat die Here as selfverloëning eis is presies die teenoorgestelde van Petrus se verloëning van die Here.

Dit is wat Petrus hier doen – Hy verloën Jesus as die Christus. Jesus openbaar dat Hy die Christus is wat vir sondaars moet ly, moet doodgemaak moet word en uit die dood moet opstaan om sondaars by homself as mens in die hemel in te sluit. Hieroor wys Petrus Jesus tereg met die verklaring dat God Hom nooit sal toelaat om so iets te probeer doen nie. Die God wie Petrus aanbid, het nie die Christus gestuur om vir sondaars te kom ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan nie. Petrus verloën Jesus soos Hy Homself as Christus openbaar!

Verloën beteken om Jesus te ontken en te verwerp vir wie Hy is. Petrus het van hierdie oomblik af, tot die haan gekraai het, en tot die Here aan Petrus na sy dood verskyn het, geweier om Jesus te erken en te aanvaar vir wie Hy is: die Christus wat moes ly en uit die dood uit opstaan vir sondaars. Sy verloëning van Christus net voor die haan gekraai het was nie net een enkele insident nie maar die kulminasiepunt van sy ontkenning en verwerping van hoe Jesus die Christus is.

2. Paulus het ook eers vir Jesus as die Christus verloën maar toe tot die geloof gekom waarin hy nie vir Christus nie, maar homself verloën het.

Paulus se beskrywing van hoe hy tot geloof in Christus gekom het in Filippense 3 is weer die direkte teendeel van die verloëning van Christus. Sy geloof in Jesus Christus is hoe hy homself verloën.

Selfverloëning beteken dat jy nie Jesus as die Christus ontken en verwerp nie, maar die godsdien van mense. Dit is godsdien waarmee mense besig is, die dinge van mense. Jesus Christus is besig om die dinge van God, nie van mense te bewerk nie. (Mat. 16: 9, Fil. 3:4) Selfverloëning gaan oor die geestelike dinge wat jy van en oor jouself moet ontken en verwerp omdat jy Jesus Christus erken en aanvaar.

Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

Christelike selfverloëning is glad nie hoe mense in die algemeen oor selfverloëning dink en glo nie. Dit gaan glad nie daaroor dat jy jou eie menslike liggaamlikheid, jou persoonlikheid, jou geslagtelikheid, jou menslike gevoelens, jou eie menslike gees of selfs jou kulturele identiteit moet ontken en verwerp nie.

Dit gaan oor wat jy godsdienstig van jouself moet ontken en verwerp omdat jy in Christus glo. Paulus beskryf in Filippense 3: 4 – 11 sy selfverloëning. In hierdie geloofsbelydenis ontken hy en verwerp hy wie hy in die geloof was voor hy in Jesus Christus geglo het.

Hy som dit kernagtig in een sin só op: “wat geregtigheid op grond van wetsbeoefening betref, onberispelik.”

Paulus het homself in die geloof gesien as 'n persoon wie sy saak met God self reggemaak het. In ons taal vandag beteken dit hy het homself elke dag van sy sondes bekeer en voluit vir God geleef het.

Verder het hy geveg vir die koms van die Christus wie hy geglo het op die troon van Moses sou kom sit. Hy wou die Christus koning maak van sy volk se lewe en sy eie lewe deur sondaars met God se wet of tot bekering te bring of as vyande van God te beveg. (Mat. 23: 2) In sy ywer vir hierdie Christus het hy die Here se kerk beveg het. Paulus het sy saak met God reg gemaak met bekerings en 'n toegewyde lewe en heilig vir God geleef om God se koninkryk te bring, uit te brei en in stand te hou. Selfverloëning gebeur waar Paulus verklaar dat hierdie geloof wat hy gehad het oor Homself en die Christus beskou hy nou as vuilis en 'n verlies, nie 'n wins nie.

Paulus se geloof voor hy Christus erken het, is presies dieselfde geloof waarmee Petrus Jesus verloën het as die Christus wie vir sondaars moet ly en opstaan. Petrus wou ook Jesus in Jerusalem koning van sy en die Jode se lewe gemaak het, nes Paulus

3. Hoe verloën jy jouself?

Net soos Paulus dit hier doen en Petrus dit in Mat. 16 nie wou doen nie: deur Jesus as die Christus se aanvaar soos Hy Homself as die Christus openbaar.

Kyk hoe stel Paulus dit in sy geloofsbelydenis: “sodat ek Christus kan ken, die krag van sy opstanding, die verbondenheid met sy lyding deur aan sy dood gelykvormig te word, en ek so, hoe dan ook, die opstanding uit die dood kan bereik.”

Dit is presies die teenoorgestelde geloof waarin Petrus die Here driftig tereg wys gewys het toe die Here openbaar het dat Hy na Jerusalem toe moet gaan om te ly, doodgemaak te word en uit die dood uit moet opstaan en Petrus verklaar het dat Jesus sal keer om só iets te doen.

Hier kom Paulus nou en hy verklaar sy geloof as die geloof in Jesus se lyding, sterwe en opstanding. Hy verklaar dat dit is hoe Hy Jesus as die Christus wil ken – as die Christus wie onder God se oordeel gely het vir sy sonde, wie die straf van God gedra het met sy dood en wie opgestaan het uit die dood sodat Christus sondaars met Homself as mens kan insluit en verenig om alles met Hom so te deel:

Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

my ongeregthede en onheilghede is nou Christus s'n en Christus se geregtigheid en heilighede as mens is myne – ek is só vir God reg en heilig.

Jy verloën jouself nie deur jou eie persoonlikheid, liggaamlikheid, geslagtelikheid, gevoelens, gees of identiteit as mens te ontken en te verwerp nie, maar deur jou ongeloof in Christus te ontken en te verwerp.

Dit is wat Paulus oor homself ontken en verwerp wanneer hy stel dat alles wat vir hom eers geestelik 'n wins was reken hy nou as 'n verlies en beskou dit as vuilis. Hy reken nie dat sy persoon, liggaam of geslagtelikheid vuil was nie, maar sy geestelike toewyding aan God!

Sy bekering van sonde, sy berou oor sonde, sy oorgawe aan God se wil, sy ywer om God koning te maak en God se koninkryk te laat kom, is nou vir hom vuilis en sien hy daardie geestelike lewe as 'n lewe wat hy afgesterf het en nie meer deel van is nie. Dit is wie hy verloën as hy homself verloën en dit is hoe hy homself verloën – daardie geestelike mens wie ek was is vir my nou iets wat ek nie meer is en wat niks anders as vuilis is nie.

4. Hy verloën homself omdat hy Jesus erken as die Christus!

Ons mag nooit Paulus se selfverloëning sien as 'n selfreinigingsritueel nie. Hy ontken en verwerp nie sy selfregverdigende en selfheilighende lewe om homself vir God reg te maak nie. Hy teken sy vorige geestelike lewe as 'n verlies en vuilis ter wille van Christus, om Christus as wins te verkry, in Christus bevind te kan word en om Christus Jesus as Here te ken. .

Hy vind Homself in gesluit in wie die Here as mens vir hom is en ken die Here as die Een wie vir Hom die veroordeling van God in sy lyding onder Pontius Pilatus weggevat het, sy straf vir sy sonde met sy dood weggeneem het en hom heilig en regverdig vir god laat wees deur sy opstanding as mens wat vir Paulus instaan.

Dit is sy erkenning en aanvaarding van wie die Here Jesus vir hom is, dat hy homself verloën, dat hy ontken dat hy buite en sonder Christus homself vir God reg en heilig kan maak.

Dit is sy aanvaarding dat Jesus Homself die Here gemaak het wat hom insluit en laat deel in wie Christus vir Hom is, dat hy Jesus nie meer koning wil maak van sy lewe en die Joodse volk nie.

Dit is sy aanvaarding en erkenning van Jesus die Here wie ons verlos wat maak dat hy nie meer God se koninkryk wil laat kom en vir God se koninkryk wil veg nie.

Selfverloëning is die geloofsposisie wat christene inneem teenoor God se wet. Wanneer die wet ons wys dat ons nie vir God reg en heilig is nie, dan ontken ons dat ons nie vir God reg en heilig is nie want ons is ingesluit in Jesus wie vir ons reg en heilig is.

Wanneer die wet ons wys dat ons voor God skuldig, strafbaar, veroordeel en aangekla staan, dan ontken ons dat dit is wie ons is. Ons is nooit so nie al doen ons

Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

sonde. Want ons ken Christus wie ons lyding, straf, veroordeling en verwerping vir ons in ons plek is.

Wanneer die wet vir ons wys ons moet onself reg kry, ons saak met god reg kry en ons moet onself vir God heilig maak, dan ontken ons dat dit is wie ons is. Want ons ken Christus in wie ons reg en heilig vir God gemaak is.

Die geloof in wie Jesus in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding vir ons is, is hoe ons onself verloën voor God se wet.

5. Deur hierdie erkenning van wie Jesus Christus is en ons selfverloëning om self te wil wees en te wil doen wie Jesus ons maak, verbind die Here ons op 'n totaal nuwe wyse aan die wet van God.

- Ons kan ons nie meer aan die wet verbind om ons saak met God reg te maak nie.
- Ons kan ons nie meer aan die wet verbind om onself vir God te maak nie.
- Ons kan onself nie meer aan die wet verbind om Jesus Koning te maak nie.
- Ons kan onself nie meer aan die wet verbind om God se koninkryk te laat kom nie.
- Ons kan onself nie meer aan God se wet verbind om vir God se saak in die wêreld te stry en te veg nie.

Daarom kan ons nog net op een wyse aan God se wet verbind – soos Paulus dit stel in Rom. 12: 1 – om ons liggame aan beskikbaar te stel as 'n offer wat vir God lewend en heilig en vir God aanneemlik is. Dit is om onself vir God te gee! Om jouself te gee, is liefde. Dit is wat liefde vir God is – om jouself vir God te gee in die geloof dat jy en jou liefde vir God lewend, heilig en aanneemlik is.

Net dit!

Liefde is nie om jou liefde reg te probeer maak of vir God aanvaar te probeer maak nie. Liefde is om net jouself te gee omdat weet jy is reg en aanvaarbaar. Liefde is nie 'n manier om Jesus Koning te maak nie, nie 'n manier om vir God se saak te veg of om God se mag en Naam uit te brei in die wêreld nie.

Liefde bewerk nie vir God mag en krag in die wêreld nie. Liefde is om net jouself te gee om binne die bedoeling van God se wet – liefde - te leef.

6. Deur selfverloëning gee ons onself in liefde sonder vrees vir skuld!

Dit is soos Johannes die wyse waarop onself gee beskryf: “In die liefde is daar geen vrees nie. Inteendeel, volmaakte liefde verdryf vrees na buite; want vrees het te doen met straf, en wie vrees, kan nie volmaak word in die liefde nie.” (1 Joh. 4:18) Paulus beskryf dit ook net so in die woorde: “Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe die verpligting om mekaar lief te hê.” (Rom. 13: 8)

Selfverloëning maak dat ons vreesloos en skuldloos ons self kan gee – kan lief het.

Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

Omdat ons ontken dat ons ons liefde moet reg maak en heilig maak vir God en erken en aanvaar Jesus maak ons liefde vir God met alles wat half, skeef, gebroke, en 'n gemis is in ons liefde vir God heilig en reg, kan ons nooit weer bang wees dat God ons vir ons liefde sal verwerp nie.

Omdat ons ontken dat ons self ons skuld en straf vir God moet dra, kan ons lief hê sonder dat ons liefde ons weer teenoor God sal skuldig maak. Ons sal God nooit weer iets skuld vir ons gebroke, halwe en skewe liefdes nie.

Ons kan in hierdie selfverloëning vreesloos en skuldloos ons verbind aan die bedoeling van die liefde van God se wet

- Ons kan onself gee om gesag uit te oefen met die gesag waarmee God ons bekleed of deur die gesag te erken waarmee God ander bekleed.
- Ons kan onself gee om meelewend te wees in en met die lewe van ons naaste.
- Ons kan onself gee om gemeensaam te wees in die gemeenskap waarin ons leef.
- Ons kan onself gee vir die diensbaarheid waartoe ons in die gemeenskap geroep is.
- Ons kan onself eg en opreg gee in die skepping waarin God ons laat leef en
- Onself gee om vergenoegd te leef in God se voorsienigheid.

Self gee om so lief te hê, net omdat dit die bedoeling van liefde volgens God se wet is. Self gee omdat ek die self wie deur liefde alles moes reg maak, heilig maak, vir God moes koning maak en stry en veg – verloën!

7. Afgodsdienste maak van selfverloëning as geloof in Jesus Christus iets totaal anders - oorgawe aan God is!

Oorgawe aan God is nie geloof in Jesus Christus nie. Dit is ook nie die liefde waarin jy jouself gee nie. Oorgawe beteken om jou aan God se mag te onderwerp deur oorgawe. Oorgawe aan God se mag is om jouself teenoor God se mag vir God niks maak nie. Dit is die verdraaide betekenis wat in afgodsdienste aan selfverloëning gegee word – selfverloëning is die oorgawe aan God se mag waarin jy jouself niks maak nie.

In afgodsdienste word Jesus die afgod wat oorgawe uitbeeld – Jesus is nou kamstig 'n geestelike voorbeeld van hoe mense hulself aan God moet oorgee. So word Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en dood nou 'n uitbeelding van hoe mense hul eie menslikheid voor die mag van God op en weg.

Jesus sou nou kamstig sy eie menslike persoonlikheid, liggaamlikheid, geslagtelikheid, gevoelens, gees en eie identiteit veroordeel, sleg maak, veroordeel, gekruisig en dood gemaak het sodat Hy goddelik kon word. Hierdie oorgawe van sy menslikheid sou nou sy oorgawe gewees het. Nou is selfverloëning oorgawe. Jy moet nou soos Jesus sy menslikheid oorgegee het om niks te word nie, jouself net so aan God se mag oorgee. Dan is jy nou kamstig met geestelike selfverloëning besig.

Oorgawe is nie hoe jy as mens vir God se liefde reg en heilig word nie. Dit is hoe jy jou menslikheid verloor om goddelik te word. Want in afgodsdien staan jou persoonlikheid, liggaamlikheid, geslagtelikheid, gevoelens, gees en identiteit in die pad van God om werklik God te kan wees. Dit verhoed Hom om Koning te wees en sy mag te kan uitbrei. Daarom moet jy nou kamstig jouself ontken en verwerp soos Jesus dit met Homself gedoen het as ons voorbeeld, dan sal God jou in jou lewe inkom, koning word en jou lewe oorneem en beheer sodat Hy sy mag deur jou selfloosheid kan uitbrei.

Oorgawe is die geestelike selfverloëning waarin jy as mens niks moet word sodat God alles in en deur jou kan word.

8. Selfverloëning as oorgawe verander mense se liefde vir mekaar. Dit verander die liefde waarin jy jouself gee na oorgawe: om mekaar saam oor te gee aan God se mag. Hierdie oorgawe aan goddelike mag word vandag in kerke voorgehou as die nuwe geestelike “agape”-liefde van mense vir mekaar.

Oorgawe aan God se mag word nou in liefde as ’n goddelike mag geglo – die goddelike mag waardeur God mense nou kamstig verander. Dit is die tipe magtige liefde waardeur God in en deur jou Homself koning maak, sy koninkryk laat kom, sy belange bevorder, sy mag uitbrei en vir sy sake stry en veg – en dit gebeur nou alles deur jou oorgawes. Dit is wat geestelikes doen wanneer hulle hulself aan mekaar oorgee. Hulle glo dat hulle God se krag, mag, belange en sake in en deur mekaar bewerk.

Hierdie goddelike kragdadigheid in en met mekaar is nie liefde nie. Liefde is nooit mag nie. Magtigheid vervreem jou van die bedoeling van die liefde van die wet! Om niks te wees en jouself oor te gee is nie liefde nie. Dit is die diepste minagting en haat wat daar kan wees – om vir ander niks te wees en jouself aan hulle mag oor te gee of hulle aan jou mag te laat oorgee. Wanneer jy jouself oorgee deur op jouself op te gee en jouself weg te gee – minag jy die bedoeling van die wet van God - liefde deur net jouself diensbaar te gee.

Hierdie haat en minagting in oorgawes teenoor liefde as om jouself te gee, wys duidelik in die bedoeling van elke gebod!

Om jouself te gee, beteken om jou met die gesag van die amp waarin God jou stel, te beklee en uit te oefen. Om jouself oor te gee en ander aan jou te laat oorgee beteken dat jy die amp waarin God jou met gesag beklee opgee en weg gee terwyl jy nog die posisie as ’n mag behou. Dit is soos ouers wat nie meer ouers nie maar net vriende vir hul kinders wil wees en kinders wat nie meer kinders nie maar net hul ouers se maats wil wees. Hierdie oorgawe om net maats vir mekaar te wees, is diepste minagting en haat wat ouers en kinders vir mekaar kan hê: om op te gee op die amp van ’n ouer of kind en vir mekaar afwesige ouers of kinders te wees. So is hulle as ouers en kinders vir mekaar niks nie.

Om jouself as man en vrou, kind en ouer, werkgewer en werknemer, leier en burger vir mekaar te gee, is hoe mense gemeensaam leef in die samesyn van ’n gemeenskap. Om mekaar saam aan goddelike mag oor te gee as man en vrou,

Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

ouers en kind, werkgewer en werknemer, leier en burger, is hoe mense van die gemeenskapsinstellings van God hulle eie kultus maak. Met oorgawe aan mekaar se mag maak jy van elke instelling van God die huwelik, die gesin, die werkgemeenskap, die volk, nasie en owerheid 'n persoonlike kultus. Om van 'n gemeenskap jy eie kultus te maak is minagting vir die gemeensaamheid van samesyn, nie liefde nie.

Om jou self te gee is hoe jy saamleef met mense. Oorgawe aan mekaar se mag beteken dat jy nie meer meelewend in die lewe met ander is nie, maar gerig is op die ervaring van selfbelewenisse. Om jouself in en deur ander te beleef is minagting vir mense, nie liefde nie.

Om jouself te gee in jou werk as 'n roeping is hoe jy diensbaar leef in 'n gemeenskap. Om jouself oor te gee aan jou werk is hoe jy jou werk 'n mag maak. Dit is uit minagting en haat die diensbaarheid van jou roeping teenoor God.

Om jouself te gee is hoe jy eg en opreg mens is in God se skepping. Om op jouself op te gee en jouself weg te gee, beteken dat jy net in jou selfopgemaakte wêreld eg kan wees en jouself 'n vreemdeling in God se skepping maak. Dit is minagting en haat vir die werklikheid van God se skepping.

Om jouself te gee is hoe jy vergenoegd leef in god se voorsienigheid. Om op jouself op te gee en jouself oor te gee, beteken dat jy gelate is binne jou eie begeertes omdat jy God se voorsienigheid minag.

9. Om niks te wil wees en tot oorgawe te kom, is hoe jy Jesus Christus verloën. Dit is nie die selfverloëning waarmee 'n mens Jesus volg nie.

Wanneer jy jouself veroordeel om te ly soos Jesus, jouself slegmaak om gekruisig te wees soos Jesus, jouself doodmaak om te sterf soos Jesus en jouself verwerp om soos Jesus ter helle neer te deel, sodat God dan in jou moet opstaan omdat jy niks is nie – dan verloën jy Jesus Christus!

Want Hy is die Christus wie in jou plek ly, gekruisig word, sterf en opstaan sodat jy alles wat God jou gemaak het kan wees omdat jy vir God reg en heilig is!

Liefde vir God en jou naaste is nie om niks te wees nie, maar om alles te wees en jouself in alles te gee – vreesloos en skuldloos in liefde.

Liefde kan nooit oorgawe wees nie. Oorgawe is altyd oorgawe aan mag, of aan jou eie of aan die mag van ander. Liefde is nooit die manier waarop jy God koning maak, God se sakebelange bevorder of God se mag uitbrei nie. Liefde kan nooit die manier wees waarop jy op jouself of ander opgee en weg gee nie.

Liefde is nie om oor te gee nie maar om jouself te gee, met jou persoonlikheid, jou liggaamlikheid, jou gevoelens, gees en identiteit as mens om binne die bedoeling van die wet van God te leef.

Deur selfverloëning kan ons onself weer gee in liefde

Vreeslose, skuldlose liefde waarin ek myself gee omdat ek myself in Christus ken as reg en heilig vir God se liefde, en ek wat myself reg en heilig en aanvaarbaar vir God se liefde moet maak, verloën.